# Die pad van die draak

## Nege maande se vryheid

**Deur Gerhard Rheeder**

As kinders het Johan Grobler vir Charmaine Fritz deur die ogiesdraadheining op Waterval Boven geterg.

Min het hulle geweet dat hul liefde vir mekaar, en heroïne, hul minder as twee dekades later sou oorrompel.

Op 15 het Charmaine weer vir Johan raakgeloop in eMalehleni "en dit was liefde met die eerste oogopslag".

Twee kinders is in die huwelik verwek, twee engel dogtertjies wat in plaas van 'n skoothondjie, of kwetterende budgie, 'n "draak" vir 'n troeteldier gekry het.

"Ons het sewe jaar terug die draak by vriende in Pullenshope gaan oplaai," sê Charmaine.

Die bruin poeier is voor hulle neergesit en die lyne in Charmaine en Johan se lewe is daar op die koffietafel getrek.

Eers was dit 'n sosiale ding - "*famous last words*," sis Charmaine onder haar asem.

Die draak het vinnig gegroei en twee jaar later sy eerste vlam geblaas, onder die lepel waar die heroïen opgekook is, voor dit deur 'n skerp naald by die spuit ingesuig is.

Die draak is *Spike* gedoop - die term wat deur *junkies* gebruik word as hulle are afgebind word op soek na die eerste en beste pad na die hart, die brein, die senuweestelsel.

Eers verlam die dwelm alles in en om jou, niks maak saak nie, net die wind onder *Spike* se vlerke wat jou help sweef.

Dan kom die pyn, die diep kloppende pyn op jou maag en in jou beendere, die lekker is verby, die verslawing het nou verander van sosiaal na krimineel patologies.

Charmaine en Johan se liefde kon van toe af in rand en sent gemeet word, kos vir die kinders is deur die welsyn aangedra, terwyl elke beskikbare R50 in die verslawing geploeg is.

Soos dit 'n getroude paartjie betaam, het hulle áltyd saam op *Spike* se rug gery.

Johan het een of twee maal sterk gestaan en opgehou, hy het immers 'n werk wat hy moes onderhou en was elke dag, selfs in die donkerste van tye, op sy pos.

Maar as 'n paartjie trou word hulle een, en hy't gou weer in verslawing verval.

Vriende het gekom en gaan, een van hulle was Jean-Marie Hanger, 'n vriendskap waarteen Johan van meet af gekant was.

"Ek het al skuldig gepleit op een diefstalklag nadat ek 'n vriend 'n gereedskapkis help steel het," sê Charmaine, wat ontken dat Johan ooit betrokke was by enige diefstal.

Sy *mugshot* wat al talle kere langs Charmaine s'n in die **Middelburg Observer** verskyn het, is een aand geneem toe die polisie op hulle toegesak het na 'n diefstal by die Middelburg Hospitaal.

Die vel, hare en tande is van die eerste dinge, naas jou selfrespek, wat deur heroïne gesteel word en Charmaine moes hospitaal toe om van haar tande te laat trek.

Jean-Marie was saam en toe sy die kans waarneem om van die tandarts toerusting te steel, het sy dit aangegryp.

Van die toerusting is in Johan se kar gekry, nadat die hospitaal alarm gemaak het en twee wanhopige foto's van Johan en Charmaine is geneem.

'n Moeder se instink is meesal korrek en Johan se ma, Erna, het 'n vet slang, "néé draak", in die gras vermoed.

Sy wou met alles in haar die ding se kop verbrysel.

Hulle twee dogtertjies is uit Johan en Charmaine se sorg geneem en by Erna en Bertie, Johan se pa, geplaas.

Die bodem het eindelik vir die twee uitgeval gedurende Kersfees 2011 toe Bertie twee beroertes gehad en hulle besef het hul selfsug was besig om nie net onskuldige kinders nie, maar hul ondersteunende ouers te vernietig.

Saam het hulle op die pad van herstel geklim en is nou nege maande skoon.

"Ons het ure lank opgelees oor verslawing, borg betaal, skulderkenningsboetes betaal, ag alles gedoen om vir hulle te wys ons is daar," sê Erna, "hulle moes verstaan hulle verslawing was ons s'n ook, hul dogtertjies s'n".

"Ons is so trots op ons kinders," sê Bertie en Erna, wat soos Charmaine en Johan skewe kyke uit alle oorde gekry het, veral by Erna se kollegas in die polisie.


"Ons lewe," sê Charmaine opgewonde toe die **Observer** die notaboekie toeslaan soos tronkdeure eens agter hulle toegeklap is.

Maar daai dae is geskiedenis, weg soos die *spike*-merke op Johan en Charmaine se arms.

Ja nee, die liefde oorwin alles...vra maar die Groblers.

■ Erna en Charmaine maak beide harte oop op vandag se brieweblad. Lees dit gerus.

**gerhard@mobserver.co.za**



Charmaine Grobler soos sy haarself nooit weer wil sien nie.



Johan Grobler in sy donkerste dae.



Charmaine en Johan Grobler by Johan se ouers, Erna en Bertie Grobler. Na jare se heroïne verslawing is Johan en Charmaine vandag nege maande dwelmvry.


LENANEO LA GO LEKOLA KHUETŠO YA PROJEKE GO TIKOLOGO

KATOLOŠO YE E ŠIŠINYWAGO YA SENOLOFATŠI SA GO TŠHOLLELA MOLORA SETEŠENG SA GO FEHLA MOHLAGASE SA HENDRINA, KA PROFENSENG YA MPUMALANGA

DEA Reference Number: 12/12/20/2175

NEAS Reference Number: DEA/EIA/0000390/2011

SESWANTŠHO SA PEGO YA KHUETŠO YA PROJEKE GO TIKOLOGO SE GONA GO KA SEKASEKWA KE SETŠHABA

Go ya ka Tsebišo ya Mmušo R 543, ye e phatlaladitšwego ka di 18 June 2010, maphakga ka moka a nang le kgahlego le/goba a amegago (I&APs) a tsebišwa gore Seswantšho sa Pego ya Khuetšo ya Projeke go Tikologo bakeng sa Katološo ye e šišinywago ya Dinolofatši tša go Tšhollela Molora o mo Meetse Seteseng sa go Fehla Mohlagase sa Hendrina se tla ba gona mafelong a hlaloswago ka mo fase (khopi ya pampiri), go ka sekasekwa le go ntšha maikutlo mo nakong ya matšatši a **60** go thoma ka Labone wa di **21 Febereware 2013 go fihla ka Laboraro wa di 24 Aprele 2013** (mafelelong la letšatši la kgwebo):

| Tikologo | Lefelo | Aterese ya Mmileng | Nomoro ya Mogala |
|---|---|---|---|
| Middelburg | Gerard Sekoto Public Library | Wanderers Avenue, Middelburg | 013 249 7271 |
| Hendrina | Hendrina Public Library | c/o Church and Mouton Streets, Hendrina | 013 293 0000 |
| Pullenshope | Pullenshope Public Library | Kiaat Street, Pullenshope | 013 296 1300 |
| Pullenshope | Reception, Hendrina Power Station | Hendrina Power Station, Pullenshope | 013 296 3400 |

Pego e gona le websaeteng ya Lidwala Consulting Engineer (http://www.lidwala.com), websaeteng ya Eskom (www.eskom.co.za/eia - Dinolofatšing tša go tšhollela molora tša seteše sa go fehla mohlagase sa Hendrina) e bile e ka hwetšagala le ka CD, ge go dirilwe kgopelo ye e ngwadilwego go Lidwala.

TALETŠO YA KOPANO YA BOHLE

Di-I&AP di laletšwa go tsenela Kopano ya Setšhaba ye e tla swarwago ka:

| Letšatšikgwedi | Nako | Lefelo |
|---|---|---|
| Labobedi 12 Matšhe 2013 | Kopano e thoma ka 18:00 (Boingwadišo go thoma ka 17:30) | Cynthia Murphy Hall Magahlanong a Mmila wa Maculata le Oak Pullenshope |

Nepo ka Kopano ya Bohle ke go alela setšhaba diphihlelelo tša dikhuetšo tšeo di lekotšwego ka nako ya Legato la Dikhuetšo (Impact Phase), go fa di-I&AP sebaka sa go kopana le sehlopha sa projeke, le go tšweletša ditshwaotshwao le/goba mathata a ba ka bang ba na le wona mabapi le projeke ye e šišinywago.

**Hle lebišang dinyakišišo goba ditshwaotshwao tše di ngwadilwego go Baeletši ba go Kgatha tema ga Setšhaba (Public Participation Consultants) ka mo fase:**
**Nicolene Venter / Bongi Mhlanga**
**Lidwala SA (Pty) Ltd**
**P.O. Box 32497, Waverley, 0135**
**Nomoro Ya Mogala: (0861) 543 9252**
**Fax: (086) 764 9282**
**E-mail: hendrinaeia@lidwala.com**

Lidwala

m/22feb/lidwala sepedi/cb



INQUBO YOKUHLAZIYA UMTHELELA KWIMVELO

UKWANDISWA OKUHLONGOZWAYO KWEZINDAWO ZOKUCHITHA UMLOTHA E-HENDRINA POWER STATION, ESIFUNDAZWENI SASEMPUMALANGA

DEA Reference Number: 12/12/20/2175

NEAS Reference Number: DEA/EIA/0000390/2011

UMBIKO OYISIPHAKAMISO WOMTHELELA KWIMVELO USUYATHOLAKALA UKUTHI UBONWE NGUMPHAKATHI

Ngokwemibandela yesimemezelo sikahulumeni, i-Government Notice R 543, esashicilelwa ngomhla ka 18 Juni 2010, bonke abantu abanomdlandla kanye/noma abathintekile (I&APs) lapha bayaziswa ukuthi umbiko oyisiphakamiso womthelela kwimvelo, ngokwandiswa okuhlongozwayo kwezindawo zokuchitha umlotha omanzi e-Hendrina Power Station uzotholakala ezindaweni ezilandelayo ezishiwo ngezansi (ikhophi), ukuthi ubonwe futhi kuphawulwe ngawo esikhathini sokuphawula eziyizinsuku ezingama **60**, kusukela ngoLwesine mhlaka **21 Febhruwari 2013 kuye ngoLwesithathu mhlaka 24 Apreli 2013** (ekupheleni kosuku lokusebenza):

| I-eriya | Indawo | Ikheli lesitaladi | Inombolo yokuxhumana |
|---|---|---|---|
| Middelburg | Gerard Sekoto Public Library | Wanderers Avenue, Middelburg | 013 249 7271 |
| Hendrina | Hendrina Public Library | c/o Church and Mouton Streets, Hendrina | 013 293 0000 |
| Pullenshope | Pullenshope Public Library | Kiaat Street, Pullenshope | 013 296 1300 |
| Pullenshope | Reception, Hendrina Power Station | Hendrina Power Station, Pullenshope | 013 296 3400 |

Umbiko uyatholakala futhi ku-Website yabakwaba-Lidwala Consulting Engineers ethi, (http://www.lidwala.com), i-Website yakwa-Eskom ethi (www.eskom.co.za/eia - Hendrina power station ash disposal facilities) futhi ingabuye yenziwe ukuthi itholakale nge-CD, ngokwenza isicelo esibhaliwe esiqondiswe kwabakwa-Lidwala.

ISIMEMO SOMHLANGANO WOMPHAKATHI

Abantu abanomdlandla kanye/noma abathintekile (I&APs) bayamenywa ukuthi bathamele umhlangano womphakathi oyoba:

| Usuku | Isikhathi | Indawo |
|---|---|---|
| NgoLwesibini 12 Mashi 2013 | Umhlangano uyoqala ngo 18:00 (Ukubhalisa kusukela ngo 17:30) | Cynthia Murphy Hall, ekhoneni lemigwaqo i-Maculata nomgwaqo u-Oak e-Pullenshope |

Inhloso yomhlangano womphakathi wukwethula okutholakele ekuhlaziyweni kwemvelo okwenziwa ngesikhathi sokuhlaziywa komthelela, emphakathini, ukuhlinzeka abantu abanomdlandla kanye/noma abathintekile (I&APs) ngethuba lokubonisana neqembu lomsebenzi, kanye futhi nokuphakamisa noma ngabe yikuphi ukuphawula kanye/noma ukukhathazeka abangaba nako mayelana nalomsebenzi ohlongozwayo.

**Sicela niqondise imibuzo noma ukuphawula kwenu ngokubhala, ezazini okubuzwa kuzona zokubamba iqhaza komphakathi ekhelini elingezansi:**
**Nicolene Venter / Bongi Mhlanga**
**Lidwala SA (Pty) Ltd**
**P.O. Box 32497, Waverley, 0135**
**Ucingo: (0861) 543 9252**
**Isikhahlamezi: (086) 764 9282**
**I-E-mail: hendrinaeia@lidwala.com**

Lidwala

m/22feb/lidwala zulu/cb


## Help met dié herstel

**Charmaine Grobler:**

Ek kruip nie weg nie, maar wil vir Middelburg se mense sê ek het foute gemaak, maar geleer daaruit.

Almal wat my en my man oordeel vir ons verslawing, hou op asseblief, ons het heroïen oorwin!

Niemand is perfek nie.

Die wat klippe gooi het ook foute, al verskil is die dorp weet van my foute en ek is nie skaam om te sê ja, ek het hulle gemaak nie.

Te danke aan die Almagtige het my en my man se lewens nege maande terug omgedraai.

En almal wat sê Charmaine en Johan het gesteel, dis leuens.

Johan het nog nooit by 'n winkel of persone gesteel nie, hy was altyd betroubaar, betyds en lojaal aan sy werk.

As vader kom hy sy pligte opreg na, lewe vir sy gesin en sit die brood op die tafel.

Ek weet ons was verkeerd en het berou daaroor.

Ek vra nie die dorp moet ons vergewe nie, net dat ons spasie gegun word om as gesin te herstel.

Ons doen niks meer verkeerd nie.

Laastens my opregte dank aan ds. Francois Kruger wat ons nooit versaak het in ons donker tye van afhanklikheid nie.

Ma en pa, dankie, dankie vir die ondersteuning, woorde is te min maar ons dade sal wys na watter hoogtes ons in staat is.